Personeelkamer Opening:

59. Daar is Hoop

Geskryf deur: Benescke Janse van Rensburg

Die week staan ‘n man voor my. Japie. Ons het by die radiostasie waar ek werk in die gemeenskap uitgesaai. Japie het oor die radio daarvan gehoor en ver gestap na die uitsendingbussie om vir gebed te kom vra.

Terwyl ek in Japie se oë kyk, lê die hartseer en moedeloosheid vlak. Sy desperaatheid is tasbaar sonder dat hy te veel hoef te sê. Japie soek werk. Hy het al oral gesoek. Sy hartsbegeerte is ‘n beter lewe, maar hy voel “stuck”.

Was jy ook al daar? “Stuck”. Hoe meer ‘n mens spartel, hoe dieper sak ons weg in die dryfsand van wanhoop en moedeloosheid.

Voel jy dalk soos Japie? Dan wil ek jou herinner aan die woorde in Psalm 40:2: “Ek het gesmag na die hulp van die Here. Hy het na my toe afgebuig en my hulpgeroep gehoor.”

God buig af. Hy gee om. Hy trek ons uit die dryfsand.

Dan in Psalm 40:3 lees ons: “Hy het my uitgetrek uit die put van die dood, uit die slymerige modder, my op 'n rots laat staan en my weer op vaste grond laat loop.”

Mag 2022 die jaar wees waarin ons God se aanraking opnuut beleef terwyl Hy ons harte met hoop kom vul.

Hierdie pratige stukkie is deur Benescke Janse van Rensburg geskryf. Volg gerus die skakel na haar Facebook groep: Stories van Hoop https://www.facebook.com/storiesvanhoop, waar jy nog baie inspirerende stories van Hoop sal vind.